# BOODSKAP VAN DIE HOOF

Baie welkom by Laerskool Hermanus. Dit is werklik ‘n voorreg om u te verwelkom, en ons glo u sal vinnig tuis voel en deel word van die Laerskool Hermanus familie. Dit is van uiterste belang vir ons dat beide ouers en kinders betrokke raak by die skool se wye verskeidenheid aktiwiteite.

Laerskool Hermanus is 'n parallelle medium skool wat onderrig bied in Afrikaans en Engels, vir Graad 1 tot 7. Ons streef daarna om vir elke kind 'n gevoel van behoort te skep deur 'n veilige ruimte te bied waar kinders holisties kan ontwikkel en kan groei tot goed afgeronde jong volwassenes. Die skep van 'n veilige omgewing vir elke kind verseker 'n ideale omgewing vir kwaliteit leer en onderrig. Ons opvoeders fokus daarop om leer relevant, betekenisvol en pret te maak deur die gebruik van tegnologie en verskeie onderrigmetodologieë.

Laerskool Hermanus is ‘n waardegedrewe skool en ons personeel fokus daagliks daarop om hierdie belangrike konsep vas te lê. Dit is van kardinale belang dat elke leerder leer oor die belangrikheid van omgee, liefde en empatie om ons gemeenskap, skool, en wêreld 'n beter plek te maak. Daarom is dit uiters belangrik vir ouers om saam met ons te werk om te verseker dat u kind 'n gelukkige en positiewe ervaring by Laerskool Hermanus beleef.

By Laerskool Hermanus streef ons daarna om 21ste-eeuse vaardighede soos samewerking, kommunikasie, probleemoplossing, kreatiwiteit en kritiese denke te ontwikkel. Daarom moedig ons u aan om u kind aan te moedig om deel te neem aan ons verskeie skoolaktiwiteite soos kuns, musiek, koor, robotika, sowel as verskeie somer- en wintersportsoorte. Deur hierdie vaardighede te ontwikkel, verseker ons dat ons kinders inisiatief kan neem, goed kan funksioneer in spanstrukture, probleme kan oplos en hul volle potensiaal kan bereik.

Dit is vir ons belangrik om goeie verhoudings met ons ouers en gemeenskap op te bou, en daarom moedig ons u aan om betrokke te raak by die skool. Areas waar ouers kan betrokke raak, sluit in die Ouer-Onderwyservereniging (OOV), klasverteenwoordigers, fondsinsamelings en liefdadigheidsprojekte.

J.G. Giliomee

SKOOLHOOF